

Werkkaart 2015-8 AH-00005(2)

(1) Bereken elk van die volgende as die VP $\rightarrow$ verkoopprijs en kosprijs $\rightarrow$ KP:

(a) VP as die KP = R230 000 en 'n verlies van 18%.

(b) Verlies/wins indien VP = R520,56 en KP = R481,44.

(c) KP indien VP = R900 en die winspersentasie 20% is.

(d) KP indien $KP : VP = 2 : 3$ en as die VP = R711.

(2) Indien die wisselkoers rand : pula = 0,92 : 1 is, bereken:

(a) hoeveel pula gelyk sal wees aan 1 rand.

(b) hoeveel rand gewissel kan word vir 300 pula.

(c) hoeveel pula geruil kan word vir R3 456.

(d) hoeveel dollar geruil kan word vir 6 000 pula, indien \$1 = R6,66.

(3) Bereken die enkelvoudige rente verdien in elk van die volgende gevalle:

(a) R400 word belê teen 8% pj vir 6 jaar.

(b) R2 569 word belê teen 12,1% pj vir 18 jaar.

(c) R890 word belê teen 0,7% pm vir 20 maande.

(4) Sameul besluit om 40% van sy jaarlikse bonus te belê. In Des 2008 beloop sy jaarlikse bonus R12 400. Indien hy 7,4% pj, enkelvoudige rente verdien, bereken die bedrag tot sy beskikking (vanuit sy bonusbelegging) teen die tyd wat hy in Des 2010 weer sy bonus sal ontvang.

(5) R8 500 word vir $3\frac{1}{2}$ jaar belê teen 6% pj, enkelvoudig saamgestelde rente.

Na die $3\frac{1}{2}$ jaar word die totale opbrengs vir 'n verdere $2\frac{1}{2}$ jaar belê teen 'n enkelvoudig saamgestelde rentekoers van 6,5% pj. Bereken die totale opbrengs na die ses jaar.

(6) In Maart 2009 was die gemiddelde wisselkoers $R1 = \$0,116$ en in Maart 2010 was die gemiddelde wisselkoers $\$1 = R8,98$. Watter jaar was die rand op sy sterkste teen die dollar?
